




# Perfekte WEGBREEK

Met dié dat reispatrone oor die hele wêreld verander het en mense se vakansieplanne tydens die pandemie op die kop gekeer is, het ons 'n paar vrae gevra aan Helen Untiedt, mede-eienaar van die vakansieverhuringsonderneming Perfect Hideaways

**FOTO'S: HENRIQUE WILDING**

Sien ook bl. 54



# 6.

## EKO-KEUSES

Daar heers 'n nuwe behoefte aan dekor wat sal hou en wat van goeie gehalte is. Die regte eko-vriendelike keuses gaan hand aan hand met bewustelike volhoubaarheid, 'n konsep wat nie meer net deur die voorlopers aangehang word nie, maar wat nou oral 'n gonswoord is. Handgemaakte teksture wys op die hunkering na tradisionele ambagte. Onopgesmukte meubels, natuurlike materiale en warm kleurskemas maak ons kalm en bring ons nader aan die natuur. Natuurlike stowwe is verkieslik bo sintetiese materiale wat onvergaanbare besoedeling veroorsaak. Ander eko-keuses is waterbesparende toebehore in ons badkamers en kombuise en wateroplosbare verf teen ons mure. Wat goed is vir jou, is goed vir die aarde.

**FOTO: HENRIQUE WILDING**



**KUIERHOEK**
Soms sit Ronelle en Möller sommer net hier in hul slaapkamer en kyk hoe die vragskepe verbyvaar. Die laaikas is van Incanda (incanda.co.za) en die stoel van Weylandts. Die oop hout dakkappe dra by tot die gevoel van ruimte.

**MÖLLER SE HEILIGDOM**
Kyk net hoe goed werk modern en oud saam. Die kombuistafel was 'n vonds uit 'n antiekwinkel en die Eames Eiffel-replikastoele is van Chair Crazy (chaircrazy.co.za). Die geraamde flamink is 'n stuk Cara Saven-muurpapier (carasaven.com) en 'n kopknik van Ronelle aan die duisende flaminke wat endemies is aan Velddrif. Die teëls is van Moroccan Warehouse (moroccanwarehouse.com) en die hanglig van Ashanti (ashantidesign.com).

Vir Ronelle en Möller Bester is Villa Kersbos 'n baie spesiale plek. Dis wat jy kry as 'n volbloedboer met 'n stadsmeisie trou.

Toe die twee mekaar ontmoet het, was Ronelle al gevestig in haar eie besigheid wat skakelwerk in die digitale sektor doen (redribboncommunications.com) en het sy haar eie dorpshuis besit. Maar as die liefde praat, luister jy. Die dorpshuis is verkoop en dit was plaas toe met haar. Sy lag as sy sê dit was nie 'n geheim dat haar aanpassing in die begin daar buite Moorreesburg maar swaar was nie, maar nou het sy die beste van twee wêrelde.

Hulle het destyds besluit om die geld van haar eiendom in 'n erf te belê. Ronelle het die Weskus glad nie geken voor Möller haar daaraan voorgestel het nie, maar die ruwe skoonheid van die streek het haar dadelik bekoor en so ook die klein dorpie Dwarskersbos, sowat 170 km van Kaapstad. Daar en dan het sy die erf gekoop. Dit was 15 jaar gelede toe daar nog net 'n paar huise op die dorp was.

Op 'n dag laat weet Ronelle se ma sy moet bietjie kyk na 'n sekere dekorartikel in SARIE, want haar gewese dorpshuiskompleks word gewys. Dit was die interieur-ontwerper Elsjé Schonken (schonkeninterior.com) se dorpshuis en sy was diep beïndruk met wat sy met hierdie piepklein plekkie gedoen het.

En so is Villa Kersbos gebore. Tussen die twee talentvolle vroue en die argitek Charl Marais (cfmarch.com) het die lieflike huis gestalte aangeneem. Vir die Besters is dit die beste plek op aarde en somer of winter vat hulle die pad see toe.







**BOTANIESE TEMA**
Die slaapkamer op die grondvloer gee jou die gevoel dat jy in die veld slaap. Agter die moderne hemelbed (weylandts.co.za) hang 'n botaniese doek van Babylonstoren (babylonstoren.com). Die bedkassies kom van bloekombome wat op die Besters se plaas, Witklip, by Moorreesburg afgesaag is. Die besonderse hangligte is ook van Weylandts en vervang leeslampe.



# Natuurlik MOOI

In 'n natuurgeïnspireerde vakansiehuis op Dwarskersbos is die dekor so vars soos 'n seebries. Die skoon lyne van die argitektuur is deur die eienaars gekies om nie in te meng met die natuur se skoonheid nie, maar om eerder die veld in te nooi

**FOTO'S: WARREN HEATH VIR BUREAUX**



**KYK WES**
Die huis front wes wat die voorstoep die ideale plek maak vir 'n skemerkelkie.



**RYK EN AARDS**
Ronelle het 'n groot voorliefde vir natuurlike stowwe en dit word weerspieël in die leefvertrek. 'n Geelhoutbalk is bo die kaggel ingemessel – Möller het dit jare gelede gekoop sonder dat hy geweet het wat hy daarmee wou maak. Die twee ou Morris-stoele het nuwe linnekussings gekry en die geelhoutkis (alles familie-erfstukke) is 'n uitstalplek langs die kaggel. Dit word gekombineer met kontemporêre koffie- en sytafels en 'n leerbank (klooftique.com). Die koeivel versag die afgevlakte sementvloer (cemcrete.co.za, kleur Vanilla Bean). En natuurlik is daar 'n plant of twee om die botaniese tema te onderstreep.



**PAJAMA-KAMER**
Vir Julian en Joshua is hierdie die lekkerste plek; dis nou behalwe die strand. Dis eintlik bedoel as ekstra slaapplek en is prakties ingerig met lae rusbanke wat beddens kan wees.

**HET JY GEWEET?**
Isoboard (isoboard.com) het 'n verskeidenheid polistireen-plafonafwerkings.

17132119



**SONSPIEËL**
In die hoofslaapkamer se badkamer is 'n klein moderne wastafel ingerig. Die spieël is van Mr Price Home (mrphome.com) en die tafeltjie van Woodlove Kitchens & Furniture (woodlove.co.za). Kies duursame Caesarstone-afwerkings vir jou badkamer- en kombuisoppervlakke.



**G'N VERSPERRINGS**
Lae keermure en ingeboude sitplekke sorg dat die uitsig nie belemmer word nie. Vanaf die boonste balkon het jy net die ongelooflikste uitsig en die veld is jou tuin.



**VAT AAN**
In die kombuis is 'n groot opvouvenster wat oopmaak op 'n toonbank aan die buitekant. Dit is ideaal om gou middagete aan te gee sodat geen nat lywe deur die huis drup nie. Daar is 'n swembad op die erf en ook 'n buite-pizza-oond.

**UIT DIE NATUUR**
Al is dit 'n vakansiehuis gee Ronelle steeds aandag aan fyn detail soos 'n interessante optelding wat sy op haar bedkassie neersit.



**AS JY HIER WIL OORBLY**
VILLA KERSBOS
*(Slaapplek vir 10, maksimum 8 volwassenes)*
Besprekings en navrae:
Perfect Hideaways
**021 790 0972 (kantoor) • 079 789 5459 (na ure)**
**Perfecthideaways.co.za**